UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

PROFESSORALE INTREEREDE

HANS ROOSENSCHOON

ENDLER-SAAL
WOENSDAG 19 AUGUSTUS 1998
19:30



HANS ROOSENSCHOON is in 1952 in Nederland gebore en het in 1953 saam met sy ouers na Suid-Afrika geëmigreer. In 1976 wen hy die Buitelandse Beurs vir Komponiste van die Suider-Afrikaanse Musiekregte Organisasie (SAMRO), Suid-Afrika se vereniging vir komponiste, skrywers en uitgewers. Dit het hom in staat gestel om aan die Royal Academy of Music in Londen onder Paul Patterson te studeer.

Roosenschoon se musiek word, sedert sy terugkeer na Suid-Afrika in 1978, gereeld landwyd uitgevoer en vind algemeen byval. In 1987 ontvang hy Standard Bank se toekenning vir die *Jong Kunstenaar van die Jaar*. Hy het ook talle opdragwerke gelewer. In 1991 het hy 'n doktorsgraad in Musiek aan die Universiteit van Kaapstad verwerf.

Nadat hy in 1978 die koperblaaskwintet *Makietie* geskryf het, het verskeie hibriede komposisies van hom verskyn waarin hy avant garde- en postmodernistiese tegnieke met inheemse musiek integreer en ook ander diverse bronne ontgin om 'n unieke pluralistiese klankkarakter te verkry. Een van hierdie werke is *Timbila*, 'n egte kruiskulturele werk waarin hy 'n groep tradisionele marimbaspelers van die Chopi-stam in Mosambiek met 'n "Westerse" simfonieorkes kombineer.

Roosenschoon se musiek is ook in die VSA, verskeie Wes- en Oos-Europese lande en in die Verenigde Koninkryk uitgevoer. Sy orkeswerk *Ikonografie* is gekies vir die 1992 "World Music Days" van die International Society of Contemporary Music (ISCM) in Warschau, Pole. Ander werke wat buitelandse aandag getrek het, is sy *Mantis Balletsuite, Firebowl, Kô, lat ons sing, Clouds Clearing, Magnificat* en *Timbila*. Sy strykkwartet *To open a window* is in 1996 by die Oslo Kamermusiekfees uitgevoer.

Tot 1995 was Hans Roosenschoon Bestuurder van die Departement Musiek van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK), Kaapstad. Van 1996 – 1997 was hy eers Lektor en later Senior Lektor in Musiekteorie in die Departement Musiek van die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein. Vanaf Maart 1998 is hy aangestel as Direkteur van die Konservatorium en Voorsitter van die Departement Musiek van die Universiteit van Stellenbosch.

Professor Roosenschoon is 'n lid van die direksie van SAMRO en van die South African Recording Rights Association Limited (SARRAL).

Lesing/Uitvoering

1. Bekendstelling van prof Hans Roosenschoon
Prof IJ vd Merwe, Dekaan Lettere en Wysbegeerte

2. Intreerede
TRANSCULTURATIO – 'n droom of 'n werklikheid?

3. Bedanking
Prof WT Claassen, Waarnemende Rektor

4. Noya Na? ET Marokana
Xhosa Kerklied

Ons is op pad na die lewensland
'n tuiste waar mense gelukkig woon
Julle verskil van God deur te sondig
Wat sê julle/ Sal julle gaan? Sal julle hemel toe gaan?

LIBERTASKOOR - dirigent: Johan de Villiers
Solis – Veronica Mhambi

5. Kerkmusiek: Die pad na Jerusalem (1998) Verw
Geestelike liedere soos grotendeels deur bruin gemeentes gesing. Marthie Driessen
Op grond van voorsang en advies van koorlede Isak Hendricks, Sherlock Fortuin en Charlene Truter in opdrag van die Libertaskoor deur Marthie Driessen opgeteken en verwerk.

Die Heere komt ter middernacht
Nader mij God
We're going down the valley
Soos 'n brandende hout
Klim op die wa
Sy naam moet Jesus wees
Moses, Aäron
Jona was gestuur
As Hy kom op die wolke

LIBERTASKOOR - dirigent: Johan de Villiers
Spreekstem: Danny Fransman
Soliste: Charlene Truter, Isak Hendricks, Cecil Peters
Klavier: Isak Hendricks; Kitaar: Quintus vd Merwe, Andrè Serfontein
Trom: Tarnia van Zitters; Tamboeryn: Annemarie Rautenbach

6. Fingerprints Hans Roosenschoon
Nina Schumann

7. Shosholoza (1996) – wêreldpremière Verw
Seker een van Suid-Afrika se bekendste volksliedere. Hans Roosenschoon
LIBERTASKOOR en US SIMFONIEORKES
– dirigent: Eric Rycroft

8. Simfonie no. 5 in c-mineur, op. 67 Ludwig van Beethoven
Eerste beweging: Allegro con brio
US SIMFONIEORKES – dirigent: Eric Rycroft

9. Ubuntu (1996) – wêreldpremière Hans Roosenschoon
LIBERTASKOOR en US SIMFONIEORKES
– dirigent: Eric Rycroft

UBUNTU

In 1996 is 'n sewetal SA komponiste gevra om elk 'n deel van 'n menseregte-oratorium te komponeer, waarvan die teks deur Doris Ravenhill op die Verenigde Nasies se Handves van Menseregte gebaseer is. Roosenschoon se *Ubuntu* vorm die eerste deel van hierdie oratorium wat in opdrag van die Suider-Afrikaanse Musiekregte Organisasie gekomponeer is.

Die aanvanklike bedoeling was dat die werk tydens die Olimpiese Spele in Atlanta uitgevoer sou word maar het dit helaas nooit gerealiseer nie.

Benewens die menseregteteks wat die eerste vier artikels van die Handves as uitgangspunt neem, maak die komponis ook van die Latynse weergawe van Mattheus 5, vers 14-16 gebruik.

Voorts word die datum 26 Augustus 1789, 'n belangrike historiese gebeurtenis insover dit die Franse Nasionale Vegadering se deklarasie van menseregte betref, in die musiek geweef.

Maar die komponis se neiging tot multiplisiteit in sy musiek kry in hierdie werk verdere uiting:

Enersyds word kennis gemaak met 'n tipiese Afrika koormusiekidioom, terwyl die bekende tema uit Beethoven se Koorsimfonie – Friederich von Schiller se *Ode an die Freude* wat in die Finale verskyn - ook sy opwagting maak. Daarbenewens word die bybelteks in 'n bykans Gegoriaanse manier ingeklee.

Humanity!
Respect for our rights and freedoms.
Dignity, justice, peace and harmony.
We are all born equal and free,
with the right to security.
We learn to achieve our fullest humanity.
That's the energy,
that's the power,
of an exploding star!

We proclaim our rights, declare our responsibility.
We are all rainbow people, globally.
That's what it's all about!

People oppressed throughout the world,
are protected by the power
and the influence
of principles fair.
Human rights for every individual,
not only for a group.
United by *ubuntu*, alone and in community.
Sharing our destiny, universally,
Ubuntu! Ubuntu!
respect for our rights and freedom.
That's the synergy, of humanity.
That's what it's all about!

Vos estis lux mundi:
non potest civitas abscondi supra montem posita:
neque accendunt lucernam et ponunt eam sub modio,
sed super candelarum ut luceat omnibus qui in domo sunt:
sic luceat lux vestra coram homnibus,
ut videant vestra bona opera et glorificent Patrem
vestrum qui in caelis est.